

OLD MUTUAL SUPERFUND

JULIE SE NUUSFLITS VIR LEDE



WAARHEID OF MITE

As jy 'n lid van 'n aftreefonds is, is jy op pad na 'n gemaklike aftrede?

SPAAR NOU VIR WELVAART IN JOU LATERE JARE

Aftrede lê nog meer as 20 of 30 jaar in die toekoms; daar is dus geen rede om nou al daarvoor te bekommer nie, reg?..... VERKEERD!



Die probleem met hierdie ingesteldheid, is dat jy waarskynlik baie meer bekommernisse gaan hê as jy 50 word, en nog méér as jy by 60 kom... omdat daar eenvoudig nie genoeg geld onder jou matras gaan wees om jou deur 20, of selfs 30 jaar, se aftrede te

onderhou nie. Daar gaan ook nie genoeg tyd oor wees om iets daaraan te doen nie.

Ons fokus op vandag se lewenseise en daarom vergeet baie van ons dat indien ons nie behoorlik beplan nie, ons aftrede heeltemal anders kan wees as wat ons verwag het. Die huisie by die see waarin ons wou aftree, was dalk net 'n droom.

Jy mag dink dat JY nie een van daardie mense is nie.....jou werkgewer het 'n uitstekende

aftreefonds.....jy voel gesond en jy sien nog kans vir 'n hele paar jaar se harde werk.....

Dit mag alles waar wees, maar meer as net 'n lidmaatskap aan 'n aftreefonds is nodig om jou finansiële toekoms te beveilig.

Hier is 'n paar eenvoudige wenke om jou met jou reis te help:

- Raadpleeg 'n geakkrediteerde finansiële adviseur en stel 'n aftree-spaarplan op en voer dit deur
- Maak seker jy benut die voordele van jou aftreefonds ten volle
- Spaar soveel jy kan so lank jy kan
- Gaan jou "finansiële status" gereeld na
- Probeer om nooit jou aftreespaargeld te onttrek wanneer jy van werk verander nie
- Aftreespaargeld is 'n langtermyn-belegging – moenie paniekerig raak as die markte wisselvallig is nie – hou jou oog altyd op die einddoel

Onthou, die regte soort beplanning op die regte stadium van jou lewe bepaal of jy 'n gelukkige aftrede of een vol bekommernis oor geld, gaan hê. Dit maak nie saak of jy 5, 10 of 40 jaar oor het voor aftrede nie... dit is nie te laat om vandag iets daaraan te doen nie. Die keuse lê by jou.



DIE HAAS EN DIE SKILPAD – STADIG MAAR SEKER WEN DIE RESIES

Vir baie mense mag die vooruitsig van aftrede ver weg voel en die noodsaak om te begin spaar dus minder dringend (Haas).

Ander is weer bewus van die kardinale belang van klein finansiële aanpassings wat stadig maar seker deurgevoer word om hulle spaardoelwitte te bereik (Skilpad).



Kontak jou geakkrediteerde Finansiële Adviseur, of bel ons ondersteuningslynnummer, 0860 38 88 73, vir kontakbesonderhede van geakkrediteerde Finansiële Adviseurs wat jy dalk wil skakel.

DOEN DIE ONGELOOFLIKE